Sekulêre spiritualiteit en die taak van die prediking

HENNIE PIETERSE

Prof Hennie Pieterse is verbonde aan die Departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria.

Die prediking sit in 'n dilemma met 'n groot groep mense in ons Afrikaanse gemeenskap – baie van hulle lidmate van die kerk, alhoewel hul nouliks of glad nie deelneem aan die erediens nie. Dit is die resultaat van twee geestesstrome wat mense met 'n sekulêre spiritualiteit gelaat het. Ek vermoed dat predikers in die volgende dekades en miskien nog verder in die toekoms al meer met dié soort mense te doen sal kry.

Die modernisme het ons met 'n mens gelaat vir wie die transendente, die geestelike wêreld verdwyn het. Vanweë die rasionalisme – dat net dít waar is wat ek met my sintuie en my logiese verstand kan waarneem – is die moderne mens opgesluit in net hierdie sienlike werklikheid. A. Houtepen (*God, een open vraag*) en G.D.J. Dingemans (*De stem van de Roepende*) beskryf die moderne gesekulariseerde mens as mense wat hulle in 'n huis sonder vensters en deure toegebou het sodat hulle nie die groot werklikheid van God wat soos die oop vlaktes, die berge en die blou lug buite hulle lê, kan sien nie. Die modernisme het die mens ook geïndividualiseer. M? belang, m? plesier, m? wêreldjie is alles. En hierdie wêrelde waarin mense leef, is gedifferensieer in duisende klein werklikheidjies. Die oorsigtelikheid het verdwyn. Toe tref die volgende geestesgolf ons – die postmodernisme. Hierdie gesekulariseerde, net hierdie-werklikheid-siende individu, verwerp alle groot verhale, ook die verhale van die godsdiens en dus ook die Christendom. S? en háár verhaal is alles. Die wêreldjie word al kleiner. Daarom trek vandag se mens die wêreld oor. Hulle moet in verskillende lande gaan bly om darem hul wêreld te probeer verbreed. En hulle vestig moeilik op een plek en in een land. Tog bly die behoefte aan iets méér.

Denkers soos Jacques Derrida (*Hoe niet te spreken. Dionysius en de paradigma's van negativiteit*) ondersoek die motief van die **geheim**, die onverteenwoordigbare en J.F. Lyotard (*Het postmoderne weten – een verslag*) ondersoek die motief van die **verbeelding**. Die postmoderne mens loop hom vas in die mure van sy toegeboude huis en begin nou soek na iets méér. Maar hierdie mens bly gesekulariseerd, wil niks van die godsdiens weet nie, maar raak geïnteresseerd in spiritisme (soos die TV program *Cross Over*); in die *trance* wat die disko's en die 'dance festivals' of popkonserte bied, gepaardgaande met *ecstacy* en verdowingsmiddels vir die energie en die verloor van jouself; in die fanatieke sport ondersteuningsklubs waarin mense byna religieus georganiseerd raak; en in bygeloof. Die sosioloog Peter Berger (*A far glory. The quest for faith in an age of credulity*) is van mening dat ons in die postmoderne era 'n tyd van liggelowigheid by mense ingaan. G. Dekker (*Zodat de wereld verandert. Over de toekomst van de kerk*) is verbaas dat sogenaamde a-religieuse gesekulariseerde mense wat aan soveel bygelowige goed glo, nie in die opstanding van Jesus kan glo nie! Fundamentalisme, as 'n poging om 'n klein houvas op die onoorsigtelike van die werklikheid te kry, gepaard met hoë emosies wat verband hou met die *trance,* is pogings om te ontsnap uit die klein toegeboude wêreldjies wat nie lewenssin kan bied nie.

Volgens Derrida, vanuit sy taalfilosofie gesien, is daar 'n spoor van verhulling in die taal. Daar is nie 'n absolute betekenis nie. En die verhulling, die geheim wat daar altyd in ons taal skuil, verwys na die *alteriteit,* die andersheid. Vir die prediking beteken dit dat ons in ons preektaal die geheim van God sal beskerm en so van Hom sal praat dat die mistiek en die onverteenwoordigbaarheid van God mense aantrek om in sy buurt te kom. God is die Verborgene (Jes. 45:15), die Afwesige Aanwesige, wat ons in Jesus Christus wil ontmoet. Ons taal sal huiwerend en versigtig met die grootheid van God moet omgaan en ons sal so moet preek dat ons preke

oop tekste sal wees waarin die hoorder verder moet gaan worstel met die geheim, die verhulling en die onthulling van God. Die inrigting van die liturgie speel hierin ook 'n deurslaggewende rol. 'n Atmosfeer van wyding, ritueel en simboliek is bevorderlik vir die besef van die andersheid van God, eerder as 'n informele, raserige liturgiese atmosfeer. Vir die soort prediking waaraan ek dink, is 'n liturgiese atmosfeer wat anders as die alledaagse is, belangrik. Mense moet besef dat hier iets anders as die gewone aan die gang is. Hier is God teenwoordig en hier kan ons Hom ontmoet.

Lyotard wys ons op die motief van die verbeelding. In die kuns word ons gekonfronteer met 'n ervaring van die onsegbare, die surplus van die werklikheid. Die verbeelding van die kuns skok ons vanselfsprekendhede wakker en maak ons gevoelig vir die andere, verborge dimensie van die werklikheid. Predikers sal taalkunstenaars moet wees. Ons sal die verbeelding van ons hoorders moet prikkel sodat die vermoë om 'n ander werklikheid te sien, losgemaak word. Wanneer dit gebeur, sien ons ook hierdie werklikheid anders (B.Altena *Wolken gaan voorbij... een homiletisch onderzoek naar mogelijkheden voor de preek in een postmodern klimaat*). Ons moet 'word pictures' – woordskilderye vir ons hoorders ophang. Die sanger Stef Bos sê dat Nederlands realisties is, maar Afrikaans verbeeldingryk. Ons moet ons in hierdie verbeeldingryke taal van metafoor en poësie oefen.

Ek gaan van die antropologiese standpunt uit dat mense van alle tye 'n geestelike eksistensiaal naas ander eksistensiale soos byvoorbeeld angs en liefde het (Heidegger, Bultmann). Daarom sal die vraag van die teologie en die prediking in die toekoms sterk moet fokus op die vraag hoe die skynbaar a-religieuse mens van ons tyd sy sekulêre spiritualiteit uitdruk. Weens gebrek aan ruimte kan ek hier net een modus van meerdere modi daarvan aanraak. Ek spreek dus nou die momente in 'n mens se lewe aan waarin daar lewensoorgange is soos geboorte, huwelik en dood. Dit is die spesiale situasies van oorgang waarin die algemene roetine van die alledaagse onderbreek word en op hierdie wyse 'n onsekerheid of vreugde in mense se lewens te weeg gebring word. In sulke tye het mense behoefte aan 'n ritueel. Plotseling word die geestelike dimensie van die mens se bestaan eksplisiet. Die behoefte aan ritueel is daar vanweë die behoefte om die buite-die-alledaagse ervaringe op 'n buite-alledaagse wyse te verstaan en te verwerk. In ons kerke vra mense, ook hulle wat kerklos geraak het, na die bediening van die doop, na huweliksbevestiging deur die predikant op alle ondenkbare plekke, behalwe in die kerkgebou self, en na 'n begrafnisliturgie – dikwels ook buite die kerkgebou op ander plekke. Die sekulêre spiritualiteit word dus in 'n soort volksreligie uitgedruk.

Die prediking kan by sulke geleenthede nie volgens tradisionele kerklike taal of 'n tradisionele bekeringsaanslag geskied nie. Die prediker sal haar/sy liturgie en preek moet inrig in die sfeer van die verhullende, afwesige-aanwesige God en in die taal van die verbeelding, maar kontekstueel en aktueel moet aanbied. Die prediker sal as 'n soort toneelskeppende regisseur die woordprent van sy preek moet ontwerp en as taalkunstenaar praat oor die wêreld van die geestelike waarin God ons in liefde en genade aanraak en verander. Daarvoor sal ons die volgende vaardighede moet ontwikkel:

1.
Die prediker moet die vermoë hê om sy eie betrokkenheid by die teks te laat blyk. Die teks het hom/haar aangespreek en geïnspireer.

2.
Die prediker sal die vermoë moet hê om die Bybelse verhale te vertaal of te transponeer in die hedendaagse situasie in (soos 'n pianis Beethoven se *für Elize* vandag transponeer).

3.
Die prediker moet die vermoë ontwikkel om kreatief met die taal om te gaan in woorde, metafore en simbole.

4.
Die prediker sal meerduidigheid ruimte moet gee in die preek bo die tradisionele eenduidigheid.

5.
Die prediker sal die vermoë moet hê om die vreemdheid van die teks te bewaar en te benut om 'n nuwe wêreld vir die hoorders oop te maak.

Bostaande gedagtes vra vir verdere verduideliking en ondersoek. Ek kan meerdere modelle van die geestelike uitdrukking van die sekulêre spiritualiteit op die tafel sit. Die aard van die artikel verhoed dit egter. Ek hoop egter dat die leser iets van 'n aanvoeling sal kry van die geestesklimaat van ons dag en die uitdaging daarvan vir die prediking. En omdat hierdie artikel 'n oop teks is, hoop ek dat die lesers hul gedagtes in hierdie verband op loop sal laat gaan.